Weekbrief Primêre Skool Jim Fouché

WB 13 AUG 2009

So onverwags steek die winter toe weer sy koue kloue vir ons uit. Lekker!!!!!
Tans is ons skool 'n miernes van bedrywighede. Behalwe die musiekfees en revue, waartydens ons Pom-poms ook gaan optree, het ons ook nog 'n "Stoet Koei" wat op 'n gereelde basis sy verskyning in die saal en op die stoepe maak.
Ongelukkig mag ons nie toelaat dat die akademie agterweë bly nie, daarom doen ons 'n beroep op ons leerders om skouer aan die wiel te sit en hard te leer vir hulle toetse. Ons weet ons kan op julle staatmaak.

OUERAAND : 11 AUGUSTUS 2009
Baie dankie aan ons ouers wat in so 'n groot getal by die oueraand opgedaag het. Dankie dat u ook op hierdie manier vir u kind/kinders omgee.

GRAAD 1 OPE-DAG
Hiermee word alle voornemende Graad 1 leerders vir 2010, vriendelik na Primêre Skool Jim Fouché se ope-dag uitgenooi.

DATUM:	4 September 2008
TYD:	14:00
PLEK:	J.F. Skoolsaal

FEES VAN MUSIEK
Dit is weer tyd vir ons senior- en juniorkoor se jaarlikse optrede tydens die "Fees van Musiek".
(Briewe in dié verband is reeds aan ons koorlede se ouers gestuur).
Dié optrede vind op 17 Augustus om 18:00 in die Stadsaal plaas. Pieter Smit gaan as gaskunstenaar optree. Kaartjies teen R43 per persoon, is by mnr. Chester Meyer en juf. Jorien Barnard beskikbaar.

SAND DU PLESSIS REVUE
Ons is baie opgewonde, want ons Pom-poms het vir die Revue-fees van Sand du Plessis Hoërskool ingeskryf. Hulle tree Dinsdag, 18 Augustus, in die Sand du Plessis-Teater op.
Kaartjies teen R70,00 per persoon is by PACOFS beskikbaar.

HUISEIENAARS
Wil u gaag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913.**

FINANSIëLE OORLEWING
Praktiese finansiële bestuur is nodig, maar dit wat in 'n mens se kop aangaan is net so belangrik as om sommetjies te maak. Sommetjies alleen kan jou negatief maak, kry dus eers jou kop skoon. Moet nie in sak en as gaan sit nie. Van sit en staan kan niemand oorleef nie – met 'n negatiewe ingesteldheid nog minder.
As 'n sneeustorm my in die hoë berge tref, aanvaar ek dit en leef daarmee saam. Doen wat jy moet doen om te oorleef en wag vir die mooi weer. Ons weet nie hoe lank die 'storm' gaan duur nie, daarom is dit nou die tyd om gordel stywer te trek en klaar te kom met wat ons het.
'n Mens kàn aanpas, kàn oorleef en jy kàn steeds doelwitte bereik deur nie toe te laat dat dinge buite jou beheer jou lewe reël en jou onderkry nie.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

Fokus op jou doelwitte en jy sàl oor die moeilike tye kom. In goeie tye geniet almal die vetjies van die lewe – maar nou, laat staan die vetjies en kyk waar kan jy besnoei. Die skool werk ewe hard daaraan om die begroting te besnoei en uitgawes tot die minimum te beperk.
Graag wil ons u op hoogte van die plaveisel projek hou. Die juwele verkope se winsie word ge-oormerk om die plaveisel aan te bring. Ons staan tans op 'n bedrag van R8213.00.

VERDERE NUUS UIT DIE KOEIKAMP

Hou hierdie spasie dop, want soos ons reeds gesê het, 'n koei is 'n dier met 'n drop.

Soos ons belowe het – hier volg nog inligting rakende pryse wat tydens die "Koeiprojek" gewen kan word:

Sleutelhouers, J.F. Staatmakerbalkie, koeipotlode, opvoedkundige speelgoed, koei-koffiebekers en nog vele meer.

Vir ons ouers wag daar ook 'n verrassing. Ouers wie se kinders die meeste boekies verkoop, ontvang 'n geskenkbewys om by Emoya Estate se Spookhuis 'n ete te gaan geniet.

Heerlike vermaak, soos byvoorbeeld absailing en spanbou, wag vir die eerste 35 leerders wat die meeste geld insamel.

Ons Grondslagfase leerders wat die meeste geld inbetaal gaan bevoorreg wees om 'n lekker "natsoen" van 'n regte Cheetah te kry.

Vir eers is dit nou genoeg nuus. Soos hulle sê: Kom ons hou dit in die mou tot na die "show".

Tot volgende week dan – 'n stertswaai moooo.....

SKAAK

Die volgende drie leerders is gekies vir die Vrystaatspan wat vanaf
13 tot 22 Desember aan die SA Skaakkampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem: Josiah Meyer, Danie en Chris Klinck.
Baie geluk aan julle. J.F. is baie trots op ons slimkoppe.

LANDLOOP

Geluk aan Renaldo Maartins en Frans Marx wat vir die Vrystaat Landloopspan gekies is. Hulle neem op (D.V.)
12 September aan die SA's te Pretoria deel. Ons is baie trots op julle.

ASTRONOMY QUIZ

Josiah Meyer, Thinus van Rhijn, Eugene Maquina en Beané Jooste het op 25 Mei aan bogenoemde Quiz deelgeneem. Tydens hierdie rondte het ons tweede van tien skole geëindig. Op 12 Augustus het J.F. saam met sewentien ander skole op provinsiale vlak deelgeneem. Hier het ons elfde geëindig.
Baie dankie aan bogenoemde leerders wat ons skool verteenwoordig het, en mnr. Rudolf Fourie wat ons kinders vergesel het.

DEELTYDSE BETREKKING GESOEK :

Ervaring sluit in: Enige adminwerk, debiteure/krediteure; BTW, LBS, WVF; Rekonsiliasies, Individuele sowel as Maatskappye inkomstebelasting; Tikwerk. Rekenaarprogramme, Word, Excel, Pastel, E-filing, Winlaw.
Skakel G. Smith, 082 312 9700